GOEIE WENSE
BLADSY 1

JAARBOEK NG KERKE
BLADSY 2

BYBELOORDENKING
BLADSY 2
EK BID ...
BLADSY 2

UITG 12 | VOL 3 | 2011

Somer Nuus

NG ELDORAIGNE FAMILIEKERK NUUSBRIEF EN INLIGTINGSBROSJURE

Baie geluk aan die groot getal **matrikulante** met hulle puik prestasies!

Sterkte en seën aan alle **eerstejaarsstudente** en **graad 1's**, wat aan die begin van 'n nuwe lewensfase staan.

Goeie wense . . .

Liewe Gemeente

die meeste van julle is hopelik terug na 'n lang verdiende ruskans. Ons vertrou dat die feestyd vir jou, en die wat die naaste aan jou is, 'n wonderlike tyd was. Hopelik het die vinnige wegspring hier aan die begin van 2011 nie te veel glans van die rustyd afgevryf nie. Dit is ons bede dat die nuwe jaar vir ons almal 'n besonderse jaar sal wees.

Dié jaar kom met groot uitdagings vir almal van ons. Mag dit 'n jaar vir jou wees van groei en verdieping in alle opsigte en mag jou bediening en lewe die vrug daarvan ervaar. Die gemeenteraad plaas die Bybelse waardes waarop ons besluit het, voorop in ons beplanning en uitllewing - kom ons gee om vir mekaar Kom ons maak almal met wie ons te doene kry, torings van hoop en simbole van dit waarheen ons oppad is. Ons Gemeente en omgewing is immers waar ons fokus moet lê. Bid saam vir wysheid sodat alle strukture meer gefokus kan word om gemeenskappe en ons gemeente te dien .

Moltmann skryf op 'n plek:"Van begin tot einde en nie net in die slothoofstuk van ons geloof nie, is die Christelike geloof….een stuk hoop. Dit kyk vorentoe en dit beweeg vorentoe, en gee ons daarom die krag om die hede te transformeer." Mag ons geloof in Hom vir ons die hoop gee om elke dag, in elke omstandigheid 'n verskil te maak op so 'n manier dat dit transformerend ervaar word deur hulle wie se paaie ons pad kruis.

Sterkte vir 2011

Namens die Gemeenteraad
Gemeentebestuurder

Ons glo dat ons rentmeesters van God is ten opsigte van alle aspekte van ons lewe [Gemeentewaarde]

U moet asseblief u stories, foto's [veral foto's] sketse, gedigte, instuur vir publikasie. Die idee van die nuusbrief is om inligting, nuus deur te gee aan die gemeente. Dit is nie 'n eensydige aksie van die gemeentebestuurder nie. Help asseblief! Die sluitingsdatums vir plasing is: 25 Maar 2011, 24 junie 2011, 26 Augustus 2011 en 19 Desember 2011. Indien u nie deelneem nie is dit nie die moeite werd om voort te gaan nie.

Familie Met 'n Missie
NG Eldoraigne Familiekerk

Henriweg 1045
Eldoraigne

Tel: 012 654 6904
bestuurder@eldofam.co.za
Faks: 012 654 5236

Saamgestel en uitgegee deur
Gemeentekantoor
Onder redaksie van
Gemeentebestuurder

S A A M I S
O N S B E T E R !

Besoek ons hier:
www.eldofam.co.za

Jaarboek van die NG Kerke 2011

* Die Jaarboek van die NG Kerke 2011 bestaan uit inligting oor die Algemene Sinode, streeksinodes, ringe, gemeentes en predikante van die meeste kerke in die NG Kerkfamilie.
* Die GOEIE NUUS is dat die jaarlikse prysstyging vanjaar tot die minimum beperk kon word (nadat daar verlede jaar géén prysstyging was nie).
* Bybel-Media, uitgewer van die Jaarboek van die NG Kerke 2011, wil ook met hierdie publikasie gestalte gee aan sy leuse: *Vennoot in geloof en bediening*.
* **Plaas jou bestelling só**:

Pos: Jaarboek, Posbus 5, Wellington 7654 / Tel: 0860 26 33 42 l Faks: 021 873 0832
E-pos: bestel@bmedia.co.za

Bybeloordenking:

Lees en verstaan die teks beter en leef dit uit:
Romeine 12: 9-21

Die gedeelte gee vir ons raad oor hoe ons moet optree. Die vers 11 som die gedeelte mooi op: **11Julle behoort aan Christus en aan mekaar, daarom moet julle lief wees vir mekaar. Julle moet eerste wees om ander mense te respekteer. 12Julle moenie lui wees nie, julle moet hard werk in die gemeente. Dit moet vir julle lekker wees. Julle moet die Here dien. 16Julle moet altyd gereed wees om saam te werk met mekaar. Julle moenie dink dat julle baie belangrik is en dat julle nie by mense kan wees wat nie so belangrik soos julle is nie. Julle moenie dink julle weet alles nie.**

Paulus vertel die Romeine presies wat dit in die praktyk beteken om 'n Christen te wees. Moenie net praat en praat oor liefde vir mekaar nie, maar doen dit, sodat die mense om julle deur julle dade vir God kan raaksien. "Daardie mense is anders. Kyk hoe mooi is hulle met daardie ou. Wat is in hulle? Ek wil ook so wees." Ander mense begin ervaar dat jy kind van God is, as hulle sien "ek gee 'n stuk van myself". Dit is ware omgee as alles van jou deelbaar word met alle ander mense. As jy nie skroom om enige iets van jou, ja, selfs die waardevolste, sommer net so weg te gee vir iemand wat dit baie meer nodig het as jy. Dan praat ons van ware omgee. Wanneer ons vir ander mense uit ons hart uit goed is en teenoor hulle optree soos ons eie broers en susters doen ons **waarvan God baie hou.**

Kry 'n mens dit sommer so reg? Nee, jy moet werk daaraan. Die duiwel is listig. Ons moet nooit onverhoeds gevang word nie. **Nee, laat die Gees julle met sy krag aan die brand steek sodat julle voluit vir God kan leef. Dien die Here met groot oorgawe.** Op jou eie kry jy die dien mekaar ding nie reg nie. Jy het hulp nodig. Jy moet verander sodat daar plek kan wees vir die Heilige Gees om sy werk in jou lewe te kan doen. Tog is dit nie maklik om net sommer so die eie ek minder te maak nie. Ons is trots en wil altyd maar die lewe leef soos wat ek dink dit behoort gedoen te word. Daarom is dit verskriklik belangrik dat ons moet **12Bid sonder ophou.** In gebed maak jy jou stryd aan God bekend, sodat Hy weet waar jou tekorte lê, sodat Hy met sy Gees jou daarin kan bystaan. Saam met Hom vorm julle 'n gedugte span.

13Party mense wat ook aan die Here behoort, het baie min goed. Julle moet van julle goed vir hulle gee. Julle moet vriendelik wees met vreemdelinge.

Om oor na te dink

Wat lê die Here nou op jou hart waaraan jy moet werk of anders doen?
Is daar iemand in jou lewe aan wie jy goed moet gaan doen?
Wie is dit en hoe gaan jy dit doen?

Ek bid:

Vader-God, die saailand van my hart is nie altyd soos dit moet wees nie. Tog werk U elke dag geduldig aan my. In hierdie maand wil ek my hart oopmaak vir die werking van u Gees. Ja, kom arbei in my, ploeg my om, werk u goedheid in my lewe en help my om iets van u grootheid te weerkaats. Ja, help my om te hoor wat U vir my sê, te doen wat U vra en vrugte te dra wat by U pas. En wanneer dit gebeur, gee dan ook aan my die genade, voorreg en gewilligheid om aktief in u wingerd te arbei en ander te lei om U as hul God en Vader te erken.